Eerstepersoonsverteller : Sy eervaring is belangrik.

Die moderne konteks is dié van die spreker in die gedig, wat via sy pa se rekenaar (en wagwoord) op die internet "surf" – die internet is dus vir hierdie jong persoon soortgelyk aan 'n ontdekkingsreis, want net soos ontdekkingsreise eeue gelede sowel beloftes as gevare inhou. Die spreker wonder oor hierdie gevare, maar vra ook vir sy pa om hom die ruimte en vryheid te gee om oop die ontdekkingsreis te gaan, en om daar te wees vir hom as dinge dalk skeefloop.

Drake en seemonsters op kaarte teken – veral waar dele nog onbekend was – hulle was bang vir gevare.

Here Be Dragons (Globe of 1510 had the words "Here be dragons" written on it in Latin.)

Dit is die waarskuwing van die pa aan sy seun oor die gevare van die internet.

1. pa se kodewoord (Password)

in the wink of an eye — Kafdraf : bemeester

2. draf ek in 'n oogwink kaf

3. my muis surf dwingend — Personifikasie

4. op nuwe ruimtes af

Hy vra sy pa om hom uit te los – die internet is soos sy geloof – hy glo daarin; en sy kaart is Google Earth – daar is baie meer gevare in die wêreld.

5. los my, pa, laat my gaan — Metafoor

6. inligting is my religie (religion) en Google Earth (Reis) my kaart (Reis)

7. dagga lê die strate vol

8. en onnies vroetel ook maar graag

Beklemtoon hoe selfversekerd spreker oor sy gevoelens is. Kan ook dui op ongeduld en frustrasie wat tieners soms voel as hul ouers hulle nie vertrou nie.

Spreker is vd selfvertroue — akentteken : Beklemtoning

9. ons wéét pa

10. ons keyboards is wyser as jy dink — Personifikasie

11. laat ons gaan, laat ons reis — Om te ontdek.

12. na kletsvriende (chatroom friends) in Pole (Reis), na hekse in Parys (Reis)

Facebook — 'n Webtuiste wat hulle leer oor verskillende mense.

- Soeke na vryheid
- Vrye vers
- Gebruik net vraagtekens en kommas.
- Geen hoofletters om begin van sinne en punte om die einde van sinne aan te dui nie.
- "Digital native"-generasie : Jong mense vir wie rekenaars en die internet "second nature" (tweede natuur) is.
- Gebruik baie internet terme. Neologismes : kodewoord, kletsvriende, kompertraak.
- Direkte vertalings : mouse > muis, firewall > vuurwal

Reël 3 + 10

* Personifikasie is effektief. Dit maak die rekenaar meer menslik. Help om die vergelyking tussen outydse ontdekkingstogte en internet-surfing.

13. waar anders, pa, sal ons geslag → Generasie-gaping (our generation)

14. ons vlae plant?

15. ons kleims afsteek? (peg a claim)

} Ontdekkingsreis dmv die internet.

16. los my, pa, laat my gaan → Herhaling van reël 5: Dit wys hoe sterk die spreker hieroor voel.

Lei na verandering in die gedig – na die selfvertroue van die eerste deel kom die vrae en vrere van die tweede deel.

wending →

17. maar hou oop jou hart

18. eendag gaan daar 'n virus wees

19. ('n wurm op 'n Trojaanse perd) → Internet-virusse

20. wat meer gaan doen as komperkraak (hacking)

as ↑ gebeur, sal ek ↓ doen. → Wil beklemtoon dat sy behoefte sal wees om soos 'n regte mens met pa te kommunikeer, eerder as deur die internet.

aksentteken: Beklemtoning

21. dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

IRONIE: Hy wil vry wees, maar soek hulp van sy pa as dinge problematies word.

→ Sal pa help as dinge verkeerd loop?

Retoriese vrae

22. sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug

23. van 'n pedofiel (paedophile) of sluipdief in die nag → Kuberkrimineel: gebruik internet om geld te steel.

24. sal jou oor dan oop wees, pa? (oo-assonansie)

25. 'n USB vir my gemoed?

Doel: Help om te beklemtoon hoe sterk die spreker hoop dat sy pa 'n oop gemoed sal behou in die toekoms.

→ Sal sy pa hom red soos 'n USB waarop mense dokumente kan stoor?

unfriendly firewall

26. of gaan jy stug 'n vuurwal gooi

storm in cyber space

27. en my die kuberstorm self laat veg?

Tema: Moderne aard van die internet en die feit dat 'n kind hier direk met sy pa in gesprek tree.

Toon: Persoonlik. Spreker praat direk met sy pa. Selfversekerd en oortuigend

Progressie: Begin vol selfvertroue (self confidence), maar later kom onsekerheid (insecurity) en selfs weerloosheid (defenselessness) deur.

(*) Die seun ervoor teenstrydige gevoelens
✔ Aan die een kant wil die kind spasie hê om meer selfstandig te wees,
✔ maar terselfdertyd is daar ook steeds behoefte aan ouerlike beskerming.

Post-lees: Vrae en aktiwiteite

Toets jouself

1. Noem enige twee woorde in die gedig wat 'n mens aan 'n reis laat dink. (2)
2. Die gedig noem verskeie dinge in verband met die internet wat vergelyk kan word met die "drake" en "seemonsters" van die ou tyd, byvoorbeeld "hekse" in reël 12. Noem enige ander twee. (2)
3. In die eerste 16 reëls van die gedig is die spreker vol selfvertoue. Watter reël laat jou so dink? (1)
4. Watter woord in die gedig kan dui op kuber-kriminele wat die internet gebruik om geld te steel? (1)

Kontekstuele vrae

1. In reël 3 en 10 is daar voorbeelde van personifikasie.

1.1 Skryf die twee voorbeelde neer. (2)

1.2 Hoekom, dink jy, is personifikasie doeltreffend in die gedig? (1)

2. Waarom, dink jy, is reël 16 een reël op sy eie en nie deel van 'n langer strofe nie? (1)
3. Twee woorde in die gedig word beklemtoon deur die gebruik van aksenttekens.

3.1 Watter woorde is dit? (2)

3.2 Kies een van die woorde. Hoekom dink jy word hierdie woord beklemtoon? (1)

4. In reël 24 is daar 'n voorbeeld van assonansie.

4.1 Skryf dit neer. (1)

4.2 Wat dink jy is die funksie daarvan in die konteks van die gedig? Kyk ook na reël 17 wanneer jy oor jou antwoord dink. (1)

5. Reël 17 begin met die woord "maar". Wat dink jy is die funksie daarvan? (1)
6. Dink jy daar is sprake van 'n generasiegaping in die gedig? Verduidelik jou antwoord. (1)
7. In watter opsig ervaar die seun teenstrydige gevoelens? (2)

Verryking

- Gestel jy is die pa van die spreker in die gedig. Wat sal jou antwoord aan hom wees? Skryf 'n kort brief (of gedig) as antwoord.
- Dink jy hierdie gedig sal nog sin maak as 'n mens dit oor tien jaar lees? Gee redes vir jou antwoord
- Dink jy 'n meisie sou ook so 'n gedig aan haar ma kon skryf? Verduidelik.